

Loof die Here

Om iemand te loof beteken om iemand op die voorgrond te stel. Om iemand uit te lig, groot te maak. So word byvoorbeeld 'n bekende se lof besing - veral wanneer hy dood is. Dan word genoem wat die persoon besonders gemaak het. Wat hom gemaak het wat hy was en wat hy gedoen het wat besonders was.

So moet ons met die Here maak. Ons moet Hom loof. Ons moet Hom na vore bring en optel. Hy moet grootgemaak word. Hy moet sigbaar word.

Dit is in kort die boodskap van hierdie laaste Psalm. Alles en almal moet die Here prys. Die ganse skepping is vir die doel deur *God geskape*. "*Prys Hom in sy heiligdom, prys Hom onder sy magtige hemelgewelf. Alles wat asemhaal moet die Here prys.*"

Dit moet soos 'n groot halleluja-koor opklink. Alles en almal moet besig wees om God voorop te plaas.

Voor in die koor staan ons as gelowiges. Ons wat die genade in Christus ken, moet die voorsingers wees. Ons moet uit volle bors sing sodat die lofsang al hoe harder weerklink. Ons moet met 'n aansteeklikheid sing sodat die skepping nie anders kan as om saam te sing nie.

Ons kan die Here loof want Hy is lofwaardig: "loof Hom oor sy kragtige dae en loof Hom in sy magtige grootheid". Wie weet wie die Here is en wat Hy gedoen het, sal Hom loof.

Wie sy verlossing in Jesus Christus ken sal nie anders kan as om sy lewe in lof aan God te wy nie. Nie net wat Hy gedoen het nie, maar ook wie Hy is, roep om lofprysing.

Hy is ewig en almagtig en groot. Hy weet alles en is regverdig en vol barmhartigheid. Hy is getrou en standvastig.

Die Psalm gee verder aan ons iets van die volheid waarmee Hy geloof moet word. 'n Negetal instrumente word opgenoem. Van instrumente wat in die tempel gebruik is tot instrumente wat tuis gebruik is. Hiermee word geleer dat alles, die mens in sy volle kultuur en wetenskap - in diens gestel moet word van die lof van God.

Loof ons die Here nog? Doen ons mee aan die Halleluja-koor, of het ons stemme stil geword? Dalk is ons so besig om ons eie lof te besing dat ons vergeet het dat God voorop gestel moet word.

Laat ons die Here loof met alles wat ons is en het.